education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## TOERISME

## NOVEMBER 2006

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies versigtig voordat die vrae beantwoord word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.

3. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

4. Die onderstaande tabel is 'n riglyn om jou te help om jou tyd in te deel volgens elke afdeling.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | Kortvrae | 40 punte | 20 minute |
| **AFDELING B** | Toerisme as 'n verwante sisteem | 30 punte | 30 minute |
| **AFDELING C** | Verantwoordelike en volhoubare toerisme | 40 punte | 40 minute |
| **AFDELING D** | Aardrykskundige toerisme, attraksies en reistendense | 50 punte | 50 minute |
| **AFDELING E** | Kliëntediens en kommunikasie | 40 punte | 40 minute |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.10) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.1.10 A.

1.1.1 Mnr. Barnard neem sy kinders na die dieretuin in 'n naburige dorp. Hully bly daar tot 17:00 en gaan dan weer terug huis toe.

Hulle word ... genoem.

A uitgaande internasionale toeriste
B oornagtoeriste
C ekskursietoeriste
D internasionale toeriste (1)

1.1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'n luukse passassierskip nie?

A Die Queen Mary II
B Die Symphony
C Die Rovos Rail
D Die Rhapsody (1)

1.1.3 Identifiseer die seestroom wat die oostelike deel van Suid-Afrika 'n warm klimaat gee wat dit 'n ideale toeristebestemming maak:

A Benguella seestroom
B Mosambiekse seestroom
C Agulhas seestroom
D Ekwatoriale seestroom (1)

1.1.4 Kies uit die onderstaande lys, die rigting van die Limpopo Provinsie ten opsigte van die Wes-Kaap:

A Noordoos
B Oos
C Suidoos
D Noord (1)

1.1.5 Identifiseer die TWEE provinsies in Suid-Afrika wat elk TWEE Wêrelderfenisterreine het:

A Gauteng en die Vrystaat
B Noordwes en Gauteng
C Wes-Kaap en KwaZulu-Natal
D KwaZulu-Natal en Gauteng (1)

1.1.6 Die term wat vir die onwettige jag van diere gebruik word, is ...

A jag.
B stroping.
C lokval stel.
D wild kyk. (1)

1.1.7 Hierdie organisasie, in samewerking met ander rolspelers, het riglyne vir verantwoordelike toerisme in Suid-Afrika saamgestel:

A Suid-Afrikaanse Toerisme
B Wêreldtoerisme-organisasie
C Streektoerisme-organisasie van Suider-Afrika
D Departement van Omgewingsake en Toerisme (1)

1.1.8 ... in 'n nuwe loopbaan in die toerismebedryf wat seminare en besigheidsvergaderings vir groot organisasies reël.

A Opleidingsbestuur
B Konferensie-organiseerder
C Opleidingsfasiliteerder
D Opleidingsassessor (1)

1.1.9 Woorde word NIE vir hierdie tipe kommunikasie gebruik nie:

A Verbale
B Visuele
C SMS
D Faks (1)

1.1.10 EEN voorbeeld van geskrewe kommunikasie wat in die toerismebedryf gebruik word, is ...

A verbale kommunikasie.
B telefoniese kommunikasie.
C vingertaal.
D memorandums. (1)

**[10]**

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) in die antwoordeboek neer.

1.2.1 ... verwys na fauna en flora wat op die randjie van uitwissing is.

1.2.2 Die Kaapse Blommestreek in die Wes-Kaap is bekend vir sy unieke ... .

1.2.3 ... is 'n Suid-Afrikaanse toerisme-organisasie wat vir die bevordering en ontwikkeling van toerisme in die SAOG verantwoordelik is.

1.2.4 ... is 'n beroemde toerismehandelskou wat vir die afgelope tien jaar deur KwaZulu-Natal aangebied word.

1.2.5 ... is die handigste kaarte vir toeriste omdat dit die hoofroetes, dorpe, stede, nedersettings en die hoofverskynsels aandui. (5)

1.3 Pas die terme in KOLOM A by die stellings in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A - F) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.3.0 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Ekosisteem | A | het ten doel om 'n gemeenskap en 'n land se natuurlike erfenis te bewaar en te beskerm |
| 1.3.2 | Kulturele erfenis | B | 'n uitstappie na 'n historiese, kulturele en natuurlike omgewing |
| 1.3.3 | Kulturele diversiteit | C | verwys na 'n familie wat saamwoon en wie se lede mekaar en die omgewing beïnvloed |
| 1.3.4 | Ekotoerisme | D | Suid-Afrika het 'n ryk kulturele erfenis wat uit baie verskillende gemeenskappe bestaan |
| 1.3.5 | Bewaring | E | die fisiese omgewing en omstandighede in 'n area en veral hoe dit mense se lewens beïnvloed |
| | | F | verwys na gewoontes en tradisies uit die verlede wat as van groot waarde geag word |

(5)

1.4 Verander die onderstreepte woord(e) in die onderstaande sinne om die stellings WAAR te maak. Skryf dit in volsinne langs die vraagnommer (1.4.1 - 1.4.5) in die antwoordeboek neer.

1.4.1 'n Besigheidsoproep moet binne die eerste <u>ses</u> luie beantwoord word.

1.4.2 Die <u>persoon wat die oproep maak</u> moet heel eerste groet en hom-/haarself identifiseer.

1.4.3 Massaproduksie van 'n dokument by 'n reisagentskap word op 'n <u>faksmasjien</u> gedoen.

1.4.4 Alle doelwitte moet meetbaar, bereikbaar en <u>abstrak</u> wees.

1.4.5 Die <u>memorandum</u> is die dag-tot-dag-reisplan van 'n toeris. (5)

1.5 Klassifiseer die volgende lys woorde onder die hoofopskrifte soos in die onderstaande tabel aangedui. Jou antwoorde moet in die vorm van die tabel verskaf word.

| Oseaan | Kontinent | Rivier | Berg | Woestyn |
|---|---|---|---|---|
| | | Oranje | | |
| | | | | |
| | | | | |

* Stille
* Drakensberg
* Suid-Amerika
* Sahara
* Kilimanjaro
* Mississippi
* Nyl
* Kalahari
* Afrika
* Indiese (10)

1.6 Kies die term wat die beste by die onderstaande beskrywings pas. Skryf slegs die korrekte term langs die vraagnommer (1.6.1 - 1.6.5) in die antwoordeboek neer.

| doeane; kontinentale; sjebeen; ontvangsdame; marinas; portier; boothuis |
|---|

1.6.1 Die regeringsagentskap wat beheer oor die beweging van goedere en mense in en uit ons land uitoefen

1.6.2 Die persoon wat die gaste in 'n hotel inteken en na hulle behoeftes omsien

1.6.3 'n Ongelisensieerde huis wat alkohol verkoop, veral in Ierland, Skotland en Suid-Afrika

1.6.4 'n Hawe wat spesiaal vir kleinerige bote en seiljagte ontwerp is en wat gewoonlik luukse waterfrontakkommodasie het

1.6.5 'n Ligte ontbyt wat uit broodrolletjies, koffie, roosterbrood, ensovoorts, bestaan (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: TOERISME AS VERWANTE SISTEEM

### VRAAG 2

2.1 Die onderstaande prente verteenwoordig die volgende tipes toeriste:

2.1.1 Inkomende internasionale toeris

2.1.2 Plaaslike toeris

2.1.3 Uitgaande internasionale toeris

2.1.4 Streekstoeris

Pas die prente en omskrywings by EEN van die terme wat hierbo verskaf word.

Caren en Nosipho wat in Johannesburg woon, het 'n beurs gewen. Hulle gaan na die VSA vlieg om aan die Boston Kollege te studeer.



**A**



Mnr. James Ludd en sy vennote is prokureurs en woon in Durban. Hulle moet Kaapstad toe reis om 'n hofsaak by te woon.


**B**

'n Besigheidsman van Swaziland gaan na Polokwane reis om 'n konferensie by te woon.



**C**

Jane Smith is Suid-Afrika se huidige tennis-kampioen. Sy het so pas aan 'n tennis-toernooi in Londen deelgeneem en is nou op pad huis toe.



**D**

2.2 Tien redes waarom mense reis is in die legkaart versteek. Soek enige VIER redes, omkring dit en skryf dit in jou antwoordeboek langs die vraagnommer (2.2.1 - 2.2.4). Die eerste voorbeeld is vir jou gedoen.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | P | B | E | S | I | G | H | E | I | D | X |
| V | F | R | A | V | G | T | P | O | H | X | G |
| K | O | N | F | E | R | E | N | S | I | E | O |
| H | Y | O | P | X | S | S | G | Y | Q | C | D |
| B | E | L | O | N | I | N | G | C | Q | E | S |
| H | N | U | I | T | T | D | M | M | T | Y | D |
| K | I | T | V | R | M | V | W | M | L | M | I |
| V | L | D | O | V | L | D | I | D | T | K | E |
| E | R | P | R | T | Y | U | U | I | Y | Y | N |
| W | S | G | T | N | R | F | F | N | Y | V | S |
| K | U | L | T | U | R | E | L | E | U | U | V |
| O | N | T | S | P | A | N | N | I | N | G | G |
| Y | G | E | S | O | N | D | H | E | I | D | P |
| O | P | V | O | E | D | K | U | N | D | I | G |

VOORBEELD: Sport

2.2.1 ?

2.2.2 ?

2.2.3 ?

2.2.4 ? (4)

2.3 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg:

> Die Waldorf-gesin van Duitsland het 'n vakansie na Suid-Afrika beplan. Hulle het nie 'n idee gehad waar om te begin met al die reëlings nie. Hulle het almal paspoorte en ander reisdokumente nodig gehad. Hulle het na die naaste reisagent gegaan wat al hulle reisreëlings vinnig en deeglik afgehandel het.
>
> Die groot dag het uiteindelik aangebreek en die Waldorf-gesin was op pad na Suid-Afrika. Met hulle aankoms op die Johannesburg Internasionale Lughawe is hulle paspoorte by die paspoortkontroletoonbank gestempel en kon hulle hulle bagasie gaan haal. Ongelukkig was een van hulle tasse nie op die bagasievervoerband nie. 'n Vriendelike veiligheidswag het hulle gehelp om die VERLORE BAGASIE-toonbank te vind waar hulle die verlore tas opgespoor het. Terwyl hulle gewag het vir hulle aansluitingsvlug na Durban, het hulle besluit om hulle geld om te ruil vir Suid-Afrikaanse rand en om middagete op die lughawe te eet.
>
> Sowat 'n uur later het hulle in Durban aangekom. 'n Portier het hulle gehelp om hulle bagasie te dra. Hulle is toe deur 'n plaaslike taxi-operateur na hulle hotel op die Durbanse strandfront geneem. Hulle is by 'n viersterhotel bespreek.
>
> Die volgende môre het 'n Duitssprekende toeristegids hulle vergesel na sekere van Durban se vele toeriste-attraksies.

2.3.1 Die Waldorf-gesin benodig sekere dienste en produkte terwyl hulle na en in Suid-Afrika reis.

Uit die leesstuk:

(a) Identifiseer DRIE voorbeelde van dienste (3)

(b) Noem die sektore van die toerismebedryf wat in elk van hierdie dienste sal voorsien (3)

2.3.2 Die voorgestelde naamsverandering vir die Johannesburgse Internasionale Lughawe is die Oliver Thambo Internasionale Lughawe.

Hierdie verandering kan die toerismebedryf miljoene rande kos. Gee TWEE voorbeelde van sodanige kostes. (2)

2.3.3 'n Toeristegids moet 'n 'mense-mens' wees.

Verduidelik, in jou eie woorde, waarom hierdie eienskap so belangrik in die toerismebedryf is. (1)


2.3.4 Die Waldorf-gesin het die volgende besienswaardighede in die Durban-omgewing besoek. Kies en skryf DRIE mensgemaakte besienswaardighede neer.

(a) uShaka Marine World
(b) Die Suncoast Casino
(c) Die Margate-strand
(d) Die Indiese Mark
(e) Die Blue Lagoon (3)

2.3.5 Noem DRIE direkte werksgeleenthede wat by die Johannesburgse Internasionale Lughawe beskikbaar is. (3)

2.4 Die implementering van toerismebeleid is 'n taak wat te groot is vir die sentrale regering om in elk van die nege provinsies te administreer. Gebruik die onderstaande woordelys en voorsien die daaropvolgende vloeidiagram van byskrifte om die provinsiale toerismestruktuur te verduidelik:

| |
|---|
| gemeenskapstoerisme-organisasies; provinsiale toerisme-owerheid; streeks-toerisme-organisasies |




(3)

2.5 Die geld wat toeriste in 'n gemeenskap spandeer, bly binne die gemeenskap en word weer en weer deur lede van die gemeenskap spandeer. Dit word die *vermenigvuldigingseffek* genoem.

Skryf 'n kort paragraaf om te illustreer hoe 'n toeris se geld binne 'n gemeenskap gesirkuleer word. (4)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: VERANTWOORDELIKE EN VOLHOUBARE TOERISME

### VRAAG 3

Lees die onderstaande gevallestudie en antwoord die vrae wat volg:

**Die Mphebato Kulturele Museum**

Die Mphebato Kulturele Museum is 'n projek wat deur Grace Masuku begin is.

As jong kind is Grace baie deur haar ouma beïnvloed. Hierdie merkwaardige ou dame het Grace die tradisionele gewoontes geleer: plantmedisynes, hoe om die tekens van die veld te lees en hoe om die weer te voorspel. As 'n volwassene het Grace besorg geraak oor die jong meisies.

Sy het die lewende kulturele museum in haar dorpie, wat buite die Pilanesberg wildreservaat geleë is, begin. Die projek behoort aan die Bakgatla stam. Die gemeenskap het kunsprodukte aan die museum geskenk. Grace leer hulle tradisionele danse en neem hulle dikwels na die wildreservaat om vir hulle tradisionele bewaring te leer en hoe om van veldkosse te oorleef.

Tans is sy besig om 'inheemse toeristegidse' vir Mankwe Safaris op te lei. Hierdie besigheid is deur twee van haar familielede begin. Hulle neem toeriste op uitstappies na die Pilanesberg wildreservaat waar hulle die toeriste in (soos Grace dit noem) 'kulturele ekologie' touwys maak. Sewe jong mans en drie jong vroue wat hulle naskoolse opleiding voltooi het, maar nie werk kon kry nie, is by die opleiding betrokke.

[Artikel verwerk uit*: Ecotourism EnviroTeach*, Maart 2004]

3.1 Noem die gemeenskap wat hierdie projek besit. (1)

3.2 3.2.1 Noem TWEE maniere waarop die gemeenskap 'n positiewe bydrae tot die projek gemaak het. (2)

3.2.2 Is die gemeenskap in staat om voordeel uit hierdie projek te trek? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

3.3 Identifiseer 'n aanhaling uit die leesstuk wat die beste by die volgende beskrywing pas:

Die interaksie van die ryke kulturele erfenis en die uiteenlopende fauna en flora van die omgewing (2)

3.4 Dink jy Grace pas die beginsels van volhoubaarheid toe? Motiveer jou antwoord. (3)

3.5 Maak 'n lys van DRIE beginsels van verantwoordelike toerisme wat sal verseker dat besoekers aan die kulturele dorpie op 'n verantwoordelike wyse optree. (3)

3.6 Grace Masuku wil baie graag hê dat die museum 'n kulturele Wêrelderfenis-terrein moet word.

3.6.1 Maak 'n lys van DRIE kriteria wat vereis word indien die Mphebato Kulturele Museum kulturele Wêrelderfenisterrein-status wil verkry. (3)

3.6.2 Bespreek die impak wat dit op toerisme in die omgewing sal hê indien die kulturele museum Wêrelderfenisterrein-status verkry. (2)

3.6.3 Noem die organisasie by wie 'n land moet aansoek doen om Wêrelderfenis-status vir 'n betrokke terrein te verkry. (1)

3.7 By die Goeie Hoop Primêre Skool in die Winterveldt-gebied, noord van Pretoria, word belangrike datums op 'n spesiale manier herdenk. Hierdie datums is Boomplantdag, Jeugdag en Erfenisdag.

Verduidelik waarom, in terme van volhoubare toerisme, dit vir die leerders belangrik is om die volgende te herdenk:

3.7.1 Boomplantdag (3)

3.7.2 Erfenisdag (3)

3.8 Een van die omgewingsriglyne van verantwoordelike toerisme is ENERGIE-BESTUUR.

Vroeër vanjaar het die inwoners van Kaapstad aanhoudende kragonderbrekings ervaar.

3.8.1 Bespreek kortliks hoe dit toerisme in Kaapstad beïnvloed het. (2)

3.8.2 Noem TWEE maniere waarop Kaapstad se inwoners gehelp het om hierdie probleem te oorkom. (2)

3.9 Voltooi die onderstaande tabel.

| **Wêrelderfenisterrein (WET)** | **TIPE: Kulturele; Natuurlike; Gemengde** | **Provinsie waarin die WET geleë is** |
|---|---|---|
| 3.9.1 | Gemengde | 3.9.2 |
| Mapungubwe Kulturele Dorpie | Kulturele | 3.9.3 |
| Robbeneiland | 3.9.4 | Wes-Kaap |
| 3.9.5 | 3.9.6 | Gauteng en Noordwes |

(6)

3.10 Gee 'n rede waarom 'n Wêrelderfenisterrein gemengde status sal kry. (2)

3.11 Die Vredefort-Koepel in die Vrystaat is in 2005 tot 'n Wêrelderfenisterrein verklaar.

Gee 'n rede waarom die Vredefort-Koepel Wêrelderfenisterrein-status gekry het. (2)


**TOTAAL AFDELING C: 40**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING D: AARDRYKSKUNDIGE TOERISME, BESIENSWAARDIGHEDE EN REISTENDENSE**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die onderstaande kaart van Suid-Afrika (FIGUUR 1) en beantwoord die daaropvolgende vrae:




**FIGUUR 1: KAART VAN SUID-AFRIKA**

4.1.1 Noem die TWEE buurstate, gemerk 10 en 11 op die kaart. (2)

4.1.2 Identifiseer en noem die woonbuurt gemerk 9 wat 'n wêreld-bekende toeriste-aantreklikheid is. (1)

4.1.3 Noem die provinsie gemerk 3. (1)

4.1.4 Noem die grootste rivier in Suid-Afrika wat die grens tussen Suid-Afrika en Namibië vorm. (1)

4.1.5 Identifiseer, op die kaart, die VIER provinsies wat langs die Suid-Afrikaanse kus geleë is. (1)

4.1.6 Noem die grensrivier wat die provinsie gemerk 1, van die land gemerk 11, skei. (1)

4.2 Bestudeer die onderstaande afstandstabel (TABEL 1) en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| | Bloemfontein | Kaapstad | Durban | Oos-Londen | George | Grahamstad | Johannesburg | Kimberley | Port Elizabeth | Pretoria | Umtata |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bloemfontein** | | 1004 | 634 | 584 | 773 | 601 | 398 | 177 | 677 | 456 | 570 |
| **Kaapstad** | 1004 | | 1753 | 1099 | 438 | 899 | 1402 | 962 | 769 | 1460 | 1314 |
| **Durban** | 634 | 1753 | | 674 | 1319 | 854 | 578 | 811 | 984 | 636 | 439 |
| **Oos-Londen** | 584 | 1099 | 674 | | 645 | 180 | 982 | 780 | 310 | 1040 | 235 |
| **George** | 773 | 438 | 1319 | 645 | | 465 | 1171 | 762 | 335 | 1229 | 880 |
| **Grahamstad** | 601 | 899 | 854 | 180 | 465 | | 999 | 667 | 130 | 1057 | 415 |
| **Johannesburg** | 398 | 1402 | 578 | 982 | 1171 | 999 | | 472 | 1075 | 58 | 869 |
| **Kimberley** | 177 | 962 | 811 | 780 | 762 | 667 | 472 | | 743 | 530 | 747 |
| **Port Elizabeth** | 677 | 769 | 984 | 310 | 335 | 130 | 1075 | 743 | | 1133 | 545 |
| **Pretoria** | 456 | 1460 | 636 | 1040 | 1229 | 1057 | 58 | 530 | 1133 | | 928 |
| **Umtata** | 570 | 1314 | 439 | 235 | 880 | 415 | 869 | 747 | 545 | 928 | |

**TABEL 1: AFSTANDSTABEL**

Die Jobe-familie woon in Durban. In Desember 2005 het hulle, saam met hul vriende, verskillende toeriste-aantreklikhede in Suid-Afrika besoek. Vanaf Durban het die families na Johannesburg gereis. In Johannesburg het hulle vir omtrent vier uur gerus voordat hulle weer na Bloemfontein gereis het. Hulle het vier dae in Bloemfontein vertoef. Van Bloemfontein het hulle weer na Durban vertrek.

4.2.1 Bereken die totale afstand wat die Jobe-familie en hulle vriende gereis het.
(Toon AL die berekeninge.) (5)

4.2.2 Hoeveel kilometer sou die familie gespaar het indien hulle direk vanaf Durban na Bloemfontein gereis het, in plaas daarvan om van Durban na Bloemfontein, via Johannesburg, te reis? (5)


4.3 Beantwoord die volgende vrae oor die verhouding tussen Suid-Afrika en die SAOG-lande:

4.3.1 Noem enige VIER lidlande van die SAOG. (4)

4.3.2 Bespreek die ondersteunende rolle wat Suid-Afrika in die SAOG-streek speel. (4)

4.3.3 Waarvoor staan die afkorting *SAOG*? (2)

4.4 Gebruik FIGUUR 2, wat die lengte van toeristeverblyf in Suid-Afrika aandui, om die onderstaande vrae te beantwoord:




**FIGUUR 2: LENGTE VAN TOERISTE SE VERBLYF IN SUID-AFRIKA**

4.4.1 Gebruik FIGUUR 2 om die DRIE provinsies wat die minste besoek word, te identifiseer. (3)

4.4.2 Indien jy die ontwikkelaar van hotelle was, in watter VIER provinsies sou jy beplan om hotelle te bou? Rangskik die vier provinsies vanaf die een wat die beste beleggingsgeleenthede bied tot die een wat die minste beleggingsgeleenthede bied. (4)

4.4.3 Statistieke toon dat 'n toeris gemiddeld R1 000,00 per dag spandeer. Gebruik die grafiek om te bepaal wat die gemiddelde besteding van 'n toeris in die Noord-Kaap is. (2)

4.5 4.5.1 Verduidelik kortliks waarom Suid-Afrika 'n verhoging in toeristegetalle kan verwag indien die waarde van die rand verswak. (2)

4.5.2 Bespreek die ekonomiese voordele wat die 2010 Wêreldbekersokkertoernooi vir Suid-Afrika as gasheerland sal inhou. (4)

4.6 Klassifiseer die volgende gebeurlikhede as WÊRELDGEBEURTENISSE, POLITIEKE SITUASIES of ONVOORSIENE GEBEURTENISSE, byvoorbeeld 4.6.1 Wêreldbeker-sokkertoernooi: Wêreldgebeurtenis.

4.6.1 Rivonia-verhoor

4.6.2 Inhuldiging van mnr. Mandela as staatspresident van Suid-Afrika

4.6.3 1996 Afrika-Nasiesbeker

4.6.4 Bek-en-klouseer in Suid-Afrika

4.6.5 1994 eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika (5)

**TOTAAL AFDELING D: 50**

## AFDELING E: KLIËNTEDIENS EN KOMMUNIKASIE

### VRAAG 5

5.1 Visuele kommunikasie kan baie effektief in die toerismebedryf gebruik word. Kies die korrekte byskrifte uit die onderstaande lys om die toerismetekens te beskryf:

warmwaterbron; volstruisplaas; binnelandse oord; see-/strandoord; amfiteater; krokodilplaas; botaniese tuine; staproete; wynkelder



A



B



C



D



E

(5)

5.2 Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Mnr. Chang Woo, 'n Chinese inwoner wat Suid-Afrika as deel van 'n internasionale afvaardiging besoek, wil graag sy besoek verleng deur sommige van Suid-Afrika se gunsteling-bestemmings te besoek. Hy wil graag ons kulturele en natuurlike besienswaardighede wat in en om Pretoria beskikbaar is, besoek. Hy is nie Engels magtig nie.

5.2.1 Jy is die reisagent wat 'n toeristegids vir mnr. Woo moet vind. Beskryf die spesifieke bekwaamheid wat die gids moet hê om in die kommunikasiebehoeftes van mnr. Woo te voorsien. (1)

5.2.2 Mnr. Woo besoek 'n nabygeleë restaurant en die kelner verwittig hom onmiddellik dat hulle nie Chinese kos bedien nie.

(a) Die toneel wat hierbo beskryf word, is 'n voorbeeld van ... . (1)

(b) Die voorbeeld hierbo kan ernstige finansiële implikasies vir enige toerismebesigheid hê. Voorspel die effek van die bo-genoemde op die winsgewendheid van die restaurant. Motiveer jou antwoord. (4)

5.3 Jy is 'n Graad 10-leerling by jou skool en jy het 'n toerisme-kompetisie gewen. Jou prys sluit 'n besoek aan twee provinsies in Suid-Afrika in en gedurende jou besoek, sal jy in 'n hotel woonagtig wees.

Maak 'n lys van en beskryf enige VYF eienskappe wat jy as belangrik sal beskou vir die werknemers van die hotel om uitstekende dienslewering sal verseker. (10)

5.4 Ontleed die onderstaande beskrywings en identifiseer die toerusting/tegnologie wat in die toerismebedryf vir kommunikasie gebruik word en verskaf EEN voordeel en EEN nadeel van elke tipe toerusting wat jy identifiseer:

5.4.1 Dit word gebruik om inligting van reg oor die wêreld binne sekondes te kry

5.4.2 Dit dien 'n dubbele doel van 'n telefoon en dit kan geskrewe kommunikasie stuur en ontvang

5.4.3 Dit kan inligting stoor en verwerk

Verskaf jou antwoord in tabelvorm soos hieronder aangedui.

| **TIPE TOERUSTING/ TEGNOLOGIE** | **VOORDEEL** | **NADEEL** |
|---|---|---|
| 5.4.1 | | |
| 5.4.2 | | |
| 5.4.3 | | |

(9)

5.5 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| |
|---|
| Jy is die bestuurder van 'n klein gastehuis en jy verwag 'n hoëvlak-afvaardiging om jou gastehuis vir 'n paar dae te besoek. Effektiewe spanwerk van al jou werknemers sal verseker dat die afvaardiging se besoek suksesvol is. |

5.5.1 Skryf 'n toespraak om jou werknemers te motiveer waarin jy VIER faktore illustreer wat positief tot die suksesvolle besoek van jou gaste sal bydra. Verskaf jou antwoord in 'n paragraaf van nie meer as 10 reëls nie. (4)

5.5.2 'n Suksesvolle span bestaan uit verskillende lede met spesifieke rolle en verantwoordelikhede.

Noem enige DRIE lede van 'n suksesvolle span en bespreek EEN verantwoordelikheid van elk. (6)

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou